Posbus 7113, Newtonpark, 6055
Telefoon (041) 3651233
h/v Willetstraat en 4de Laan, Newtonpark, 6045
E-pos: admin@lnpark.co.za /

'n Blink toekoms begin hier!

NUUSBRIEF 35

18 Oktober 2024

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

IMPAK VAN BELA-WET OP SKOOL SE TAAL- EN TOELATINGSBELEIDE
Daar word Donderdagaand saam met die begrotingsvergadering terugvoer aan ouers rakende die twee sake gegee. Dit hou verrykende gevolge in vir ons skool en en dit is belangrik dat u hiervan kennis neem.

SELFONE BY SKOOL EN NASORG
Die gebruik van selfone tydens skool en by die nasorg is verbode. Aangeheg, sien uittreksel uit die skool se gedragskode punt 3.7 op bladsy 2 in die huiswerkboek.

3.7 Selfoongebruik gedurende skoolure is streng verbode. Oproepe mag slegs in noodgevalle van die skool se telefoon en deur die skool se sekretaresse of 'n personeellid gemaak word.

SKOOLTYE
Ons bevestig dat **die skool stiptelik om 07:45 begin** en en verwag dat u kind reeds **voor die tyd** by skool afgelaai moet word. Neem asseblief kennis dat die saalperiode op Maandae plaasvind en dat alle leerlinge op Maandae hulle baadjies skool toe moet aantrek.

KLEURE-ATLETIEK
Baie dankie aan almal wat bygedra het tot die sukses van hierdie dag. 'n Spesiale woord van dank aan Mnr. Westraadt en die personeel wat al die reëlings getref het, asook aan al die beamptes van die dag.

Dit was vir my mooi om al die ouers wat daar was, om hul kinders te ondersteun, te sien – dit was vir die leerlinge baie spesiaal.

EKSAMEN 2024
Daar is net **drie en 'n half weke** in die vierde kwartaal oor voor ons graad 4- tot 7-leerlinge met eksamen begin. Ons moes ons kwartaal sorgvuldig beplan sodat ons genoeg tyd het om ons werk te voltooi. Met die voorgestelde roosters, sal ons **vanaf 14 November om 12:00 sluit** sodat ons leerlinge die geleentheid het om deeglik vir elke vak voor te berei.

SKOOLVERLATERS
Indien u kind Laerskool Newtonpark aan die einde van die jaar verlaat, versoek ons u vriendelik dog ernstig om ons so spoedig moontlik daarvan in kennis te stel. Daar is sekere administratiewe aangeleenthede wat ons in plek moet kry voor u kind die skool kan verlaat. (Hierdie sluit die graad 7's uit. Ons weet julle verlaat ons.)

KOFFIEKUIER 26 OKTOBER 2024: DR. JOHAN SMITH
Ons nooi alle ouers, voogde, onderwysers, oupas, oumas, tannies en ooms na 'n koffiekuier met Dr. Johan Smith van Vita Amp. Elkeen sal op **Saterdag, 26 Oktober** by Laerskool Newtonpark baat vind by hierdie praatjie. Heerlike koffie & versnapperings is ingesluit. Hierdie geleentheid is oop vir die publiek en kaartjies is slegs beskikbaar deur Quicket. https://www.quicket.co.za/events/283942-koffiekuier-met-dr-johan-smith/?preview=t

2025 BEGROTINGSVERGADERING: 24 OKTOBER 2024
Hiermee gee ons u kennis van die 2025-begrotingsvergadering wat op Donderdag, 24 Oktober 2024 om 17:30 in die skoolsaal gehou sal word. **Daar moet 'n kworum van 10% van die ouers teenwoordig wees.**

Tydens hierdie ouervergadering sal die voorgestelde begroting vir 2025 vir oorweging en goedkeuring, met of sonder wysiging aan u voorgelê word.

Enige ouer of wettige voog van leerlinge in die skool het die reg om die vergadering by te woon. **Die begrotingsdokumente is reeds vanaf 19 September by die kantoor ter insae beskikbaar.**

ONDERSTEUNERSHEMDE
Ons wil al ons ouers aanmoedig om vir u Laerskool Newtonpark-ondersteunershemde aan te skaf. U kan by ons klerewinkel kom aanpas, ons het nou voorraad ontvang en die koste is R380.

TOELATING 2025: GRAAD 2 – 7
Op Dinsdag, 16 Julie 2024 is daar 'n brief in verband met bogenoemde aan elke ouer gestuur. Die personeelvoorsiening van Laerskool Newtonpark is afhanklik van ons jaarlikse inskrywings. Ons versoek u om asb. die skeurstrokie, onderaan daardie brief, te voltooi en onverwyld saam met R900 deposito (per kind) skool toe stuur of te EFT om sodoende te verseker dat u kind(ers) 'n plek het. Hierdie bedrag is nie-terugbetaalbaar en sal dien as deel van die eerste betaling op u kind(ers) se skoolgelde vir 2025. Sodra die betaling ontvang word, sal u kind(ers) se inskrywing as afgehandel beskou word.

SKOOLGELDE 2024
Baie dankie aan al die ouers wat so gereeld hul skoolgelde betaal. Ek wil tog 'n vriendelike beroep doen op diegene wat agterstallig is, om die verpligting wat betref u kind se skoolgelde, na te kom. Die skool is verantwoordelik vir sy eie rekeninge, want ons kry **minimale** hulp van die staat.
Indien daar nie deur sekere persone gereageer gaan word deur hul skoolgelde te betaal nie, sal die beheerliggaam genoodsaak wees om verdere stappe te neem. Die betaling van skoolgelde is 'n wetlike verpligting (Staatskoerant no. 29311). Indien u in gebreke bly om u skoolgelde te betaal, sal dit wetlik afgedwing word.

Let asseblief daarop dat alle skoolgelde teen 30 November klaar betaal moet wees.

ELEKTRONIESE BETALINGS
Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en u kind se van en naam verskaf. U moet ook die bewys van betaling per e-pos aan fin@lnpark.co.za stuur.

REKENINGNAAM	**LAERSKOOL NEWTONPARK**
BANK	**ABSA**
REKENINGNOMMER	**1400490089**
TAKKODE	**632005**

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Geniet die naweek saam met jul kinders.

SKOOLHOOF
E-pos: skoolhoof@lnpark.co.za
Tel : 0846935318

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR HIERDIE KWARTAAL:
Die volgende datums moet u asseblief op u kalender aanteken:

Neem kennis dat die klerewinkel Woensdag, 6 Desember vir 2024 sluit, weens voorraadopname. Laaste dag vir bestellings en betalings is 29 November

Ma – 21 Oktober	:	Klerewinkel: **07:30 tot 12:00** Krieket : 0/13A teen Kabegapark A **(t)**
Di – 22 Oktober	:	Senior Koor: **07:25 tot 08:00** Krieket: 0/9 A+B teen Lorraine **(t)** Tennis: Seuns A teen Clarendonpark B **(w)** Tennis: Seuns B teen Handhaaf B **(w)** Tennis: Seuns C **– Loslootjie** Tennis: Seuns 0/10 teen Hermitage House **(t)**
Wo – 23 Oktober	:	Junior Koor: **07:30 tot 08:00** Klerewinkel: **12:00 tot 14:30** Krieket : 0/13A teen Grey D **(t)** Krieket : 0/13B teen Westering C **(w)**

Do – 24 Oktober	:	Senior Koor: **07:25 tot 08:00** Krieket : 0/11A teen Westering B **(w)** Krieket : 0/11B teen Gelvanpark A **(t)** Tennis: Dogters D teen St. George's B **(t)**
Vr – 25 Oktober	:	Klerewinkel: **07:30 tot 12:00** Junior Koor: **07:30 tot 08:00** Johan Smith praatjie: Gr. 6 + 7 **(Oggend)** Johan Smith praatjie: Onderwysers **(middag)**
Sa – 26 Oktober	:	Johan Smith Koffiekuier : Mammas en Pappas **(Oggend)**
So – 27 Oktober	:	**Mnr. Albert Goba verjaar**

SPORT EN KULTUUR

TENNIS

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
15 Oktober	Senior A	Grey B	LNP verloor met 19 potte
15 Oktober	Senior B	Herbert Hurd B	LNP wen met 28 potte
15 Oktober	Senior C	Lorraine B	LNP wen met 22 potte

KRIEKET

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
15 Oktober	0/9A	Al Azhar	LNP teken 38 lopies aan en verloor geen paaltjies nie. Al Azhar teken 17 lopies aan en verloor 2 paaltjies. LNP wen 38 teenoor 8.5

OP-KRIEKETSPAN 2024

Roelof Campher in graad 5D het op 5 en 6 Oktober aan die finale OP O/11-krieketproewe by Woodridge College deelgeneem en is daarna gekies om die OP O/11-krieketspan te verteenwoordig. Hartlik geluk, Roelof ons is baie trots op jou!

TALENTKOMPETISIE

Denelle Wolmarans het verlede Saterdag aan ‘n talentkompetisie, “Vollies gaan Groot” by die Volle Evangeliekerk deelgeneem en ‘n 1ste plek in haar ouderdomsgroep 6 tot 13 jaar behaal. Baie geluk, Denelle!

BINNEHUISE-NETBAL : SUPERNET

Caylee Grundling en Marizelle de Jager in graad 4M, en Demica-Lee Jonck in graad 4S het verlede Saterdag hulle binnehuise netbalwedstryd teen die Daisies gewen met 11 – 9. Baie geluk, julle!

BINNEHUISE-NETBAL : NEWTONITES

Die Newtonites het op Saterdag, 12 Oktober met Kym and the Kiki's in die junior binnehuise-netballiga afgereken. Die telling was 27-10. Baie geluk, julle!

BINNEHUISE-NETBAL : RAZZMATAZZ
Die o/12A netbalmeisies het Saterdag, 12 Oktober hul tweede junior binnehuise-netballigawedstryd deelgeneem. Hul span, Razzmatazz het teen Shooting Stars gespeel en het 26 – 21 gewen. Baie geluk, julle!

ATLETIEK: ASA LIGA 3
Riano Botha in graad 5D het op 12 Oktober aan sy 3de EPA-skoleliga deelgeneem en ‘n 1ste plek vir gewigstoot 0/11-seuns verower. Hartlik geluk, Riano!

ATLETIEK : ASA LIGA 3
Iané Jukel, Inge Jukel en Marc Jukel het Saterdag, 12 Oktober aan hul derde ASA-liga deelgeneem en soos volg presteer:
Iané Jukel : 1ste in 1200m
Inge Jukel : 1ste in verspring
Marc Jukel : 3de in 60m

Inge en Iané het ook Sondag, 13 Oktober aan die tweekamp deelgeneem waar Inge 3de en Iané ‘n 4de plek behaal het. Baie geluk, julle!

TALENT AFRICA NATIONALS 2024

Megan Viviers in graad 5F het op die 18 September virtueel aan die Talent Africa Nationals 2024 deelgeneem. Sy het n solo hip-hop dans gedoen en het silwer verwerf. Die hip-hop dansgroep, “Turn up the music” het goud verwerf en gekwalifiseer om hul provinsie by die “DANCE FEST NOVI SAD” in Serwië wat vanaf 19 – 26 Maart 2025 plaasvind, te verteenwoordig. Die trio-dansgroep " Party starters" het brons verwerf. Sy het dus hiermee weer haar Oos-Kaapkleure vir Hip-Hop dans ontvang. Baie geluk Megan en baie sterkte vir die volgende rondte, ons hou duimvas!

STOEI : SA JEUGKAMPIOENSKAPPE

Matthew Rosslee in graad 3B het as deel van die OP-stoeispan aan die SA-jeugkampioenskappe in Stellenbosch vanaf 26 tot 28 September deelgeneem. Hy het ‘n 4de plek in sy gewigsklas vir die 0/9 skole-afdeling behaal. Baie geluk met hierdie prestasie Matthew, ons is trots op jou!

SKAAK

Ons skaakspelers het Saterdag, 12 Oktober, aan hul liga-uitdunrondtes deelgeneem.
Juniors het die volgende wedstryde gespeel teen:

- Mount Pleasant: verloor 1.5 - 5.5
- Rowallanpark: wen 6 - 0
- Theodor Herzl: verloor 3 - 4
- Sonop: wen 5.5 - 1.5
- Albertyn: wen 6.5 - 0.5

Ons juniors het tweede in die streek geëindig

Seniors het die volgende wedstryde gespeel teen:

- Handhaaf B: wen 5.5 - 2.5
- Sivuyiseni: verloor 2 - 5
- Albertyn: wen 5 - 2
- Normoyle: gelykop 3.5 - 3.5
- Gelvanpark: wen 5 – 2

Baie geluk, julle maak ons trots!

MARLOW AVONTUURKAMP

Benn de Wit, en Janu Nel in graad 6H en Büchner Ferreira in graad 6E het gedurende die laaste week van die Septembervakansie die Marlow Avontuurkamp bygewoon. Dit was baie goed gereël en het onder andere aktiwiteite soos skattejag in die donker, bou van brûe en skuilings en selfs ‘n kaskarresies ingesluit. Die seuns het dit vreeslik geniet en hope pret gehad.

VOORTREKKERS

Vanaf 6 – 8 September 20 – 24 September het leerlinge van Laerskool Newtonpark wat deel is van die Voortrekker-beweging nuwe vaardighede aangeleer tydens gebiedskampe op Boknes en Somerset-Oos. Op Boknes het Graad R- tot graad 7-leerlinge van verskillende skole in die Oos-Kaap asook tuisonderrig-leerlinge wat deel is van die Voortrekkers het onderskydelik geleer van Bartolomeus Dias se vaart om die punt van Afrika en die Kruis wat hy op Kwaaihoek (Boknes) geplant het, hoe om vuur te maak, Jan van Riebeeck se koms na die Kaap asook meer oor seeplante, sterrekunde, roeikunde en noodhulp.

Miani Erasmus (graad 3) het meer geleer oor die gebruike uit die verlede, self kerse en seep gemaak en geleer oor seeplante. Lika Hanekom (graad 7) het die kuns van perdry bemeester tydens ‘n

ruiterkunskamp in Somerset-Oos. En soos die Voortrekkerliedjie lui “Wat maak ‘n kamp so lekker, dis koffie, pap en wors”. Mooi so meisies, eenmaal ‘n Voortrekker, altyd ‘n Voortrekker!